



Verwysing: 20171128-7376
13/12/2
Navrae: MG Cameron, N Kanase

Assesseringsbestuurminuut: 0021/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteur, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoof: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandideer vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Hernasien, herkontrolering en besigtiging van antwoordstelle: 2017 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen, 2018 Februarie/Maart Aanvullende Eksamen, 2018 Junie Senior Sertifikaat-eksamen en VBOO Vlak 4-eksamen

1. U word hiermee in kennis gestel dat die aanlyn registrasie vir hernasien, herkontrolering en besigtiging van antwoordstelle verkry kan word by <https://www.eservices.gov.za>. Kandidate wat nie 'n geldige Suid-Afrikaanse ID-dokument besit nie, moet die aansoekvorms per hand by Hoofkantoor in Kaapstad indien. Verdere inligting kan op die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se webwerf (<http://wcedonline.westerncape.gov.za>), verkry word.
2. **Hernasien van antwoordstelle**
 - 2.1 Aansoeke om die hernasien van antwoordstelle, tesame met die voorgeskrewe fooi van R98,00 per vak, moet die WKOD op óf voor die sluitingsdatum vir aansoeke bereik. Geen aansoek om die hernasien van antwoordstelle sal oorweeg word, tensy die voorgeskrewe fooi die aansoek binne die vasgestelde tydperk vergesel nie.
 - 2.2 Die sluitingsdatum vir aansoeke om die hernasien van November 2017 se antwoordstelle is 19 Januarie 2018.
 - 2.3 Elke kandidaat sal voor 31 Maart 2018 van sy of haar uitslae van die hernasien in kennis gestel word.

3. Herkontrolering van antwoordstelle

- 3.1 Kandidate mag aansoek doen om hul antwoordstelle te laat herkontroleer om te verseker dat alle antwoorde nagesien en die punte korrek opgetel en verwerk is.
- 3.2 Aansoeke om die herkontrolering van antwoordstelle moet binne 14 dae ná die bekendmaking van die uitslae ingedien word. Die voorgeskrewe fooi is R23,00 per vak en is nie-terugbetaalbaar.
- 3.3 Aansoekers sal per brief oor die uitslae van die hernasien van antwoordstelle in kennis gestel word. Waar van toepassing, sal 'n gewysigde uitslagadvies uitgereik word.

4. Besigtiging van antwoordstelle

- 4.1 Indien kandidate steeds ontevrede is met die uitslag van 'n **hernasien** kan hulle aansoek doen dat hulle antwoordstelle teen die voorgeskrewe fooi van R192,00 per vak besigtig word. Die fooi is nie-terugbetaalbaar.
- 4.2 'n Skriftelike versoek met (n) duidelike rede/s vir die versoek, moet binne 14 dae ná die amptelike bekendmaking van die uitslae ten opsigte van die hernasien aan die Hoof van Onderwys voorgelê word. Geen aansoek sal ná daardie datum oorweeg word nie.
- 4.3 'n Kandidaat en/of sy of haar ouer/s of voog/de sal toegelaat word om die tersaaklike antwoordstel/le te besigtig. Indien die kandidaat steeds ontevrede is, kan hy of sy binne sewe dae 'n beswaar indien. Die WKOD sal dan 'n finale besluit oor die uitslae neem.

5. Terugbetaling van hernasienfooi

- 5.1 Koste aangegaan vir die hernasien van enige vak, sal terugbetaal word indien die kandidaat weens die hernasien:
 - (a) 'n vak of vakke slaag wat hy of sy aanvanklik gedruip het; of
 - (b) punte ontvang wat die uitslag in 'n vak op minstens een vlak verbeter.
- 5.2 Terugbetalings vir die hernasien van antwoordstelle sal eers na afhandeling van die hele hernasienproses van alle vakke, gedoen word.
- 5.3 Dit is dus belangrik dat die kwitansie wat uitgereik word om die betaling van die hernasienfooi te bevestig, op 'n veilige plek bewaar word.
- 5.4 'n Oorspronklike **BAS**-vorm word tydens terugbetalings benodig en moet deur die kandidaat voltooi word. Dié vorm kan op die WKOD se webwerf verkry word en dan aan die WKOD gepos of per hand afgelewer word vir verwerking.

6. Aansoeke

6.1 Kandidate in besit van 'n geldige Suid-Afrikaanse ID-dokument:

Aansoeke om hernasien of herkontrolering moet deur die aanlyn registrasiediens by www.eservices.gov.za, gedoen word.

6.2 Kandidate wat nie 'n geldige Suid-Afrikaanse ID-dokument besit nie:

Aansoeke moet by die WKOD-hoofkantoor in Kaapstad (Kliëntediensafdeling, Tweede Vloer, Grand Central Towers) ingedien word vir die aandag van mnr. Mark Cameron.

Gebruik asseblief die volgende adres indien aansoeke gepos word:

Hoof: Onderwys
Vir aandag: Mnr Mark Cameron
Wes-Kaap Onderwysdepartement
Privaatsak X9114
KAAPSTAD
8001

6.3 Die fooie vir hernasien, herkontrolering en besigtiging kan direk in die WKOD se bankrekening gedeponeer word. (die besonderhede kan bo-aan die regterkant van die aansoekvorm gevind word).

7. Navrae

Vorms kan op die WKOD se webwerf verkry word of by die volgende kontaknommers aangevra word:

(021) 467 2952: N Kanase
(021) 467 2459: K Darvel
(021) 467 2591: C Theunissen

WKOD se webwerf: <http://wcedonline.westerncape.gov.za>

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2018-01-02